ABSA TOP 10 PINOTAGE KOMPETISIE
2010

SPERDATUM VIR INSKRYWINGS
DONDERDAG 15 JULIE 2010

Celebrating 350 Years

Die Absa Top 10 Pinotage-kompetisie word geborg deur Absa Bank, 'n lid van die Barclaysgroep.
Dit word gereël deur die Pinotage Assosiasie in die uitvoering van sy doelstelling, naamlik die uitbouing en bevordering van wyn gemaak van die Pinotage-druifsoort.
Die doel van die Kompetisie is die jaarlikse identifisering van tien Pinotage-wyne wat as riglyne vir die ontwikkeling van eiesoortige Suid-Afrikaanse Pinotage kan dien en die uniekheid van Pinotage in die internasionale wynwêreld illustreer.

2010 KOMPETISIE-BEOORDELAARS

Duimpie Bayly - Kaapse Wynmeester - Voorsitter van die SA Nasionale Wynskou - Nie-uitvoerende direkteur van Distell Bpk - Voorsitter van die Wyn-en Spiritusraad se Tegniese Komitee.

Gert Boerssen - Bestuurder/Wynmaker by Wellington Wynkelder - Sekretaris van die Pinotage Assosiasie - Senior lid van die Pinotage-panele by die Jongwyn- en Veritas-kompetisies.

Hannes Storm - Wynmaker van Hamilton Russell wingerde asook Southern Right kelders wat albei in klassiekestyl Pinotage spesialiseer - toer gereeld oorsee om wyn te proe en sy kennis uit te brei.

David Molyneux-Berry - "Meester van Wyn", Internasionale gasbeoordelaar, tans gebaseer in Egipte - huidiglik 'n konsultant vir "Al Ahram Beverages Company (ABC)" wat besit word deur Heineken - deskundige in wynbedrog.

Dave Hughes - Ere-Kaapse Wynmeester - Lewenslange lid van die "International Wine and Food Society" - Stigterslid van die "Cape Wine Academy" - 'n senior internasionale beoordelaar.

Susan Erasmus - Tans wynmaker by Vrede en Lust. Proe op verskeie panele en gereelde beoordelaar by gesogde kompetisies soos Veritas, Jongwynskou en SAL Wyn toekennings.

Jonathan Steyn - Mede eienaar van "Belthazar Restaurant and Wine Bar" - Wyn korrespondent vir "Wine Magazine"- bydraende redakteur (Wyn) vir "GQ" Tydskrif Suid Afrika - lid van die Suiderlike Afrika Akademie vir die San Pellegrino Top 50 Restaurante te wêreld.

Die Storie van die Trofee

Die Absa Top 10 Pinotage-trofee, 'n opdragwerk deur die bekende Kaapse kunstenares Arabella Cassia, het ten doel om die unieke individualiteit van Pinotage soos in die wenwyne beliggaam, oor te dra. Die stylvolle replikas van 'n mid-1600's Hollandse VOC-wynglas word elkeen individueel deur meester-glasblaser Haegar Schultz geskep en is daarom elkeen uniek in eie Reg.

Een van die pragtigste kenmerke van die glase is die blou draaiing in die steel, 'n fenomeen wat slegs in die raarste van die glase van daardie tyd voorgekom het. Die hout vir die voetstuk is van die inheemse kershout, *Pterocelastrus tricuspidatus*. Dié keuse was in lyn met die begeerte om Pinotage se Suid-Afrikaanse afkoms weer te gee aangesien kershout slegs in die George en Knysna-areas voorkom. Daarbenewens is die unieke skakering van die hout 'n weerspieëling van die luister van 'n groot Pinotage.

Nadat alle wyne aanvanklik "blind" volgens die 20 punt-stelsel geëvalueer is, sal die 30 tot 40 wyne met die hoogste gemiddelde individuele tellings tydens die aanvanklike rondte weer geëvalueer word om die 20 finaliswyne aan te wys.

Elke beoordelaar sal daarna onafhanklik en sonder enige spesifieke voorkeur sy keuse van die 10 beste wyne aandui.

Daar is ruim voorsiening vir promosiegeleenthede vir die wenwyne en hulle wynmakers. Verskeie mediavrystellings en "advertorials" word gedurende die ses maande wat volg op die bekendmaking van die uitslag van die Kompetisie deur die Pinotage Assosiasie gefasiliteer.

Wynmakers word ook die geleentheid gebied om hulle wyne op nasionale radio en by ander prestige-funksies bekend te stel, met inbegrip van wynproeë wat plaaslik en oorsee deur die borg vir sy hoë-profiel kliënte gereël word. Die Pinotage Assosiasie stal ook die wenwyne by die jaarlikse "London International Wine Fair" uit om dit as voorbeelde van voortreflike Pinotage-wyne aan die wêreld voor te hou.

Spesiale plakkers is beskikbaar om aan die bottels van die wenwyne geheg te word ten einde meer opvallend by verkooppunte te vertoon.

Daar word van elkeen van die produsente van die wenwyne verwag om 720 bottels teen 'n afslagprys aan die Assosiasie te verkoop.

Hierdie wyne word in stelle van tien bottels elk bemark om verbruikers die geleentheid te gee om "die beste van die beste" te ervaar, en ook vir die insameling van fondse vir die generiese promosie van Pinotage-wyne, die ondersteuning van Pinotage-gerigte navorsing en ander aktiwiteite van die Pinotage Assosiasie in die algemene belang van sy lede.

LONGRIDGE LANDGOED IS DIE GASHEER VIR DIE BEOORDELING VAN DIE INSKRYWINGS VIR DIE 2010 ABSA TOP 10 PINOTAGE-KOMPETISIE.

KOMPETISIE-REËLS

LEES ASSEBLIEF AL DIE REËLS NOUKEURIG DEUR!

Nie-nakoming kan tot diskwalifikasie en die verbeuring van gelde lei.

Kontak gerus vir Sandra Nel by die Kompetisiekantoor indien u enige vrae het.

DIE KOMPETISIEKANTOOR
Kontakpersoon: Mev. Sandra Nel
Fisiese adres: P/a Stellenbosse Landbou Genootskap, Doornbosch-sentrum, R44 (Strandpad), Stellenbosch
Posadres: Posbus 204, Stellenbosch 7599
e-pos-adres: stlandbo@mweb.co.za
Telefoonno.: (021) 886-4867/8
Faksno.: 021 883-8965

1. Vereistes vir deelname

(a) Enige wyn kan ingeskryf word mits dit 'n droë rooi wyn is wat as 'n Pinotage kultivarwyn bemark word of sal word.

(b) Minstens 1200 bottels daarvan moet teen 10 Julie 2010 gebottel wees.

(c) Daar is geen beperking op die getal wyne wat iemand kan inskryf nie.

(d) Indien 'n wyn onder verskillende etikette bemark word, mag dit slegs onder een van daardie etikette ingeskryf word.

(e) Indien meer as een wyn van dieselfde handelsnaam as 'n finaliswyn aangewys word, sal slegs die een waarvan die meeste punte toegeken is, vir aanwysing as een van die tien wenwyne kwalifiseer.

2. Vorms en gelde

(a) Inskrywings moet op die amptelike inskrywingvorm gedoen word. Dit is elektronies by www.pinotage.co.za, die Pinotage Assosiasie se webtuiste, beskikbaar, en kan ook by die Kompetisiekantoor verkry word.

(b) Die inskrywingsgeld beloop R375.00 (BTW ingesluit) per wyn wat deur lede van die Pinotage Assosiasie ingeskryf word of buite Suid-Afrika geproduseer.

(c) 'n Addisionele bedrag van R375.00 (BTW ingesluit) per wyn is deur ander persone betaalbaar, maar die bedrag kan aangewend word om lidmaatskap van die Pinotage Assosiasie te bekom.

3. Sluitingsdatum

(a) Inskrywings sluit om 16:00 op 15 Julie 2010.

(b) Laat inskrywings sal tot 12:00 op 30 Julie 2010 aanvaar word, maar 'n bykomende R375.00 (BTW ingesluit) per wyn sal betaalbaar wees.

4. Inskrywingsprosedure

(a) Ingevulde inskrywingsvorms moet by die Kompetisiekantoor ingedien word (NOTA: Maak 'n afskrif vir u rekords).

(b) Inskrywingsvorms wat per faks gestuur word, sal NIE aanvaar word NIE.

(c) Elke inskrywingsvorm moet vergesel wees van -

(i) dokumentêre bewys om te bevestig dat die wyn 'n Pinotage kultivarwyn is; en

(ii) 'n uitgebreide ontledingsertifikaat van die wyn.

(d) Die stukke in paragraaf (c) genoem moet, in die geval van 'n wyn wat in Suid-Afrika geproduseer is, in die formaat van vorm WSR 2A deur die Wyn-en-Spiritusraad uitgereik, wees, en andersins deur 'n toepaslike gesag in die land van herkoms van die wyn uitgereik wees.

5. Betalings

(a) 'n Tjek of bewys van direkte deposito of elektroniese fondsoorplasing van die toepaslike inskrywingsgeld en, waar van toepassing, laat-inskrywingsgeld, moet elke inskrywingsvorm vergesel.

(b) Tjeks moet aan die Pinotage Assosiasie betaalbaar gemaak word.

(c) 'n Faktuur sal uitgereik word ten opsigte van elke inskrywing wat ontvang word.

(d) Die Assosiasie se bankbesonderhede is soos volg:

Bank: Absa, Stellenbosch
Takkode: 334 410
Rekeningnaam: Pinotage Assosiasie
Rekeningnommer: 410 216 949

(e) Die inskrywingsgeld is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie.

6. Wynmonsters

(a) 'n Monster moet verskaf word van elke wyn wat ingeskryf is.

(b) 'n Monster bestaan uit ses 750 ml bottels van die betrokke wyn wat willekeurig uit die gebottelde voorraad daarvan geneem is.

(c) Indien die bottels nie reeds van verkoop-etikette voorsien is nie, moet plaketikette daaraan geheg word waarop die volgende besonderhede in duidelik-leesbare letters en syfers aangedui is:

(i) Die handelsnaam waaronder die wyn verkoop word of sal word.

(ii) Die aanduidings van kultivar, oesjaar en oorsprong van die wyn soos dit op die betrokke etikette verskyn.

(d) 'n Eksemplaar van die etiket of plaketiket in paragraaf (c) bedoel, moet op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die karton geheg wees.

7. Aflewering van wynmonsters

(a) Wynmonsters moet in 'n geskikte sesbottel-karton verpak wees wanneer dit by Longridge, Stellenbosch, afgelewer word.

KOMPETISIE-REËLS WORD OP DIE VOLGENDE BLADSY VERVOLG

(b) Monsters word slegs tussen 09:00 en 15:30 op 4 en 5 Augustus 2010, en tussen 09:00 en 13:00 op 6 Augustus 2010 ontvang.

(c) Indien die monster van 'n wyn nie teen 13:00 op Vrydag 6 Augustus 2010 afgelewer is nie, word dit geag van deelname aan die Kompetisie onttrek te wees tensy ander reëlings vir aflewering vooraf getref is.

8. Beoordeling en toekenningsfunksie

(a) Die evaluering van die ingeskrewe wyne is geskeduleer vir 11, 12 en 13 Augustus 2010 by die Longridge-landgoed, Stellenbosch.

(b) Indien daar tydens evaluering gevind word dat twee van die bottels van 'n monster 'n kurk-fout of ander ongewensde organoleptiese eienskap openbaar, sal daardie wyn van deelname aan die Kompetisie onttrek word.

(c) Indien enige van die 20 finaliswyne tekens van mikrobiologiese aktiwiteit toon nadat dit deur 'n geakkrediteerde laboratorium getoets is, sal dit gediskwalifiseer word.

(d) Die tien wenwyne sal in alfabetiese volgorde bekend gemaak word tydens 'n funksie op Donderdag 9 September 2010 wat die wynmakers van die 20 finaliswyne moet bywoon om hulle toekennings persoonlik te ontvang.

9. Verpligtinge van produsente van finaliswyne

(a) Die produsente van die 20 finaliswyne moet, wanneer daartoe versoek, die volgende stukke by die Kompetisie kantoor indien:

(i) 'n Afskrif van die WSR 4A-sertifikaat deur die Wyn- en Spiritusraad, wat die sertifisering van die betrokke wyn as 'n Pinotage-kultivarwyn bevestig (slegs in die geval van wyne wat in Suid-Afrika geproduseer is).

(ii) 'n Hoë-resolusie jpg van die hoofetiket van die betrokke wyn soos aan die bottels geheg (vir reproduksie in 'n prestige proeboekie wat by die toekenningsfunksie gebruik sal word).

(iii) 'n 50-woorde feite-beskrywing (in Engels) van die wyn (vir gebruik in 'n prestige proeboekie wat by die toekenningsfunksie gebruik sal word).

(b) Indien 'n produsent versuim om binne die tydperk in 'n versoek in paragraaf (a) vermeld, aan daardie versoek te voldoen, kan sy wyn gediskwalifiseer word.

(c) Wanneer die uitslaë van die kompetisie op 9 September 2010 bekend gemaak word, moet elke produsent van 'n finaliswyn minstens 1200 bottels daarvan vir verkoop beskikbaar hê. Die organiseerders behou die reg voor om voorrade deur middel van fisiese inspeksies te kontroleer en kan dokumentêre bewys vereis dat die voorraad op hande nie reeds verplig is nie.

(d) Die produsente van die 20 finaliswyne moet elkeen 24 volledig geëtiketteerde 750 ml bottels daarvan gratis aan die Pinotage Assosiasie beskikbaar stel vir gebruik by die toekenningsfunksie en voorafgaande wynproe.

10. Verpligtinge van produsente van wenwyne

(a) 'n Produsent se voorraad van sy wenwyne mag nie verkoop word voordat onderskeidende plakkers wat die aanwysing daarvan as 'n wenwyn bevestig, op elke bottel daarvan geplak is nie.

(b) Die plakkers is teen 20 sent elk van die Pinotage Assosiasie verkrygbaar.

(c) Elkeen van die produsente van die tien wenwyne moet 960 volledig-geëtiketteerde 750 ml bottels daarvan soos volg lewer:

(i) 240 bottels aan die Pinotage Assosiasie en die borg vir gebruik by Pinotage-promosies en ander spesiale funksies.

(ii) 720 bottels aan 'n persoon of persone deur die Pinotage Assosiasie aangewys, vir herverkoop in stelle bestaande uit een bottel van elk van die tien wenwyne.

(iii) Dit moet aldus gelewer word teen die huidige handelsprys soos in die inskrywingsvorm aangedui.

(d) Die volgende verdere vereistes is van toepassing op wyn in paragraaf (c) bedoel:

(i) Dit moet in sodanige hoeveelhede gelewer word as wat van tyd tot tyd deur die betrokke persoon of persone aangevra word.

(ii) Dit moet binne tien dae nadat dit aldus aangevra is, gelewer word.

(iii) Dit moet vry van afleweringskostes gelewer word by 'n adres in die betrokke aanvraag gespesifiseer, in die munisipale gebied van Kaapstad.

(iv) 'n Korting van 10% moet op die handelsprys soos in die inskrywingsvorm aangedui, toegestaan word.

(v) Betaling sal binne 60 dae na die faktuurdatum gemaak word.

(e) Indien 'n produsent weier of versuim om 'n hoeveelheid wyn te lewer wanneer ingevolge reëls 9(d) of 10(c) van hom vereis, kan die Pinotage Assosiasie, benewens enige ander stappe wat dit mag neem, die betrokke produsent van deelname aan toekomstige Absa Top 10 Pinotage-kompetisies uitsluit vir sodanige tydperk as wat die Assosiasie bepaal.

11. Algemeen

(a) Nóg die Pinotage Assosiasie, sy lede en Bestuur nóg die borg van hierdie kompetisie sal op enige wyse hoegenaamd aanspreeklik wees vir enige vrugtelose uitgawe, verlies of skade van watter aard ook al, van 'n deelnemer wat uit deelname aan hierdie Kompetisie voortspruit.

(b) Die uitslaë van hierdie Kompetisie soos deur die Pinotage Assosiasie bekend gemaak, is finaal en bindend. Nóg die Pinotage Assosiasie nóg die borg sal op enige wyse hoegenaamd betrokke raak by enige ex post facto korrespondensie of ander beredenerings nadat die uitslaë bekend gemaak is.

Die toekenningsfunksie van die 2010 Absa Top 10 Pinotage Kompetisie sal by die manjifieke **Kronenburg** naby Paarl gehou word

ABSA